Direkteur Begeleiding

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

12 Maart 2010

AAN:
1. **LERAARS,**
2. **KERKKANTOORPERSONEEL,**
3. **KERKRAADSLEDE, en**
4. **JEUGWERKERS / BEDIEINGSLEIERS JEUG**
   van die NG KERK in OOS-KAAPLAND

Nota: Verseker asb dat hierdie skrywe die leraar(s), skriba, die jeug en ander belanghebbendes in u gemeente bereik

Geagte vriende,

PRAKTIESE REËLINGS VIR DIE PADBERADE 2010

Hiermee word alle leraars en skriba's / kerkkantoorpersoneel, jongmense en kerkraadslede **uitgenooi na die padberade** met die moderatuur. Dit sluit ook opleidingsgeleenthede vir die skriba's in.

Ons beplan dat die leraars en kerkkantoorpersoneel aanvanklik saam vergader en ontdekkings maak vanuit die Woord en ons onderlinge gesprek. In 'n verdere gedeelte van die dag neem die leraars, kerkraadslede en jeugwerkers die proses verder en ontvang die skriba's / kerkkantoorpersoneel hul toerusting.

NB: Verseker asb dat julle die **inskrywingsvorm** hieronder so spoedig moontlik voltooi en aan Chantall by die sinodale kantoor faks (0865 860 623) óf e-pos by db@ngkok.co.za. Ter wille van die etes en verversings moet ons weet hoeveel persone die geleentheid bywoon.
Ons het die getalle VYF DAE voor die byeenkoms nodig - sien die tabel hieronder.

1. Program vir leraars

Ons Woon saam in die Woord, voer geloofsonderskeidende gesprek gesels saam. Ons wil graag luister na die situasie en behoeftes op ringsvlak. Van ons kant, is daar spesifieke terugvoer oor Vorm A (2008-9) se geloofsonderskeidende vrae soos van toepassing op julle ring. Daar sal 'n kort inset oor sinodale aangeleenthede wees.

Die dag is bedoel om die eerste tree te gee in die rigting van ringsprojekte, asook om ons almal te help groei in ons bewussyn oor ons gemeentes, ringe en konteks.

Die skriba's woon die eerste deel van die dag saam met die leraars, kerkraadslede en jeugwerkers by.

2. Program vir die skribas / kerkkantoorpersoneel

Na afloop van 'n die eerste deel van die dag, vergader die skribas op hul eie saam met dr Viljoen om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. Die ander bly deel van die gesprek met die moderatuur.

3. Twee formate – vir die platteland en vir die stede

Uit ervaring weet ons dat die situasie in die platteland en stede verskil. Vanjaar was daar gesprek met die ringskommissies van PE, asook kommunikasie met die ring van Oos-Londen. Daarom het ons vanjaar twee formate vir die padberade:

- **Dagformaat** – vir die platteland (van 08:30 tot 15:30) – sluit middagete in;
- **Oggendformaat** – vir die twee stede (Port Elizabeth en Oos-Londen) – sluit 'n brunch in.

(Ons tel die byeenkoms met die ringe van Uitenhage en Sondagrivier onder die "dagformaat".)

4. Koste

Terwyl leraars die geleentheid, soos gebruiklik, op die Begeleidingsnetwerk se koste bywoon, moet ons ongelukkig 'n bedraggie vir skribas / ander kerkkantoorpersoneel, orreliste en kerkraadslede / lidmate vra. Die eerste personeellid betaal R100 - dit sluit die eetgoed en verversings (R65 per persoon) en toerustingsmateriaal (1 afskrif per gemeente) in. Bykomende personeel betaal R65 per persoon. Dui dit so op onderstaande inskrywingsvorm aan.

5. Program: datums en tye

Hier volg 'n lysie van die datums en ander besonderhede van die padberade (let op dat die tye verskil - d.w.s begin- , tee-, ete- en afsluitingstye):

Datums 2010	Gasheer	Ring(e)	Begintyd	Beraamde afsluiting
Maandag, 19 April	NGK Kareedouw, te Kareedouw	Humansdorp	08:30 vir 09:00	15:30
Dinsdag, 20 April	NGK Uitenhage-Oos te Uitenhage	Sondagsrivier en Uitenhage	08:30 vir 09:00	15:30
Donderdag, 22 April	Marilyn's Coffeeshop, Villiersweg, Walmer	PE-Wes	08:30 vir 09:00	13:00
Vrydag, 23 April	Marilyn's Coffeeshop, Villiersweg, Walmer	Port Elizabeth	08:30 vir 09:00	13:00
Maandag, 3 Mei	NGK Queenstown, te Queenstown	Burgersdorp, Dordrecht, Queenstown	08:30 vir 09:00	15:30
Dinsdag, 4 Mei	Nino's Restaurant, Vincent Park	Oos-Londen	08:30 vir 09:00	13:00
Woensdag, 5 Mei	NGK Albanie, te Grahamstad	Albanie	08:30 vir 09:00	15:30

Donderdag, 6 Mei	NGK Cradock-Oos, te Cradock	Cradock en Graaff-Reinet	08:30 vir 09:00	15:30
Maandag, 10 Mei	Marilyn's Coffeeshop, Villiersweg, Walmer	Algoa	08:30 vir 09:00	13:00

Vriendelike groete,

Ds Danie Mouton
Direkteur Begeleiding

✂

Inskrywingsvorm

Padberade 2010

Naam van ons GEMEENTE:	
DATUM van ons Padberaad	
PLEK van ons Padberaad	
Aantal LERAARS:	
Aantal LIDMATE:	
Aantal KERKKANTOORPERSONEELLEDE:	
INSKRYWINGSGELD (R100 vir eerste personeellid, R65 vir elke bykomende personeellid, R65 vir elke lidmaat):	

Faks hierdie vorm na 0865 860 623, of
E-pos aan db@ngkok.co.za

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

ABSA
Naam: NG Kerk in Oos-Kaapland
Rekening nr: 290 581 192
Takkode: 500-517
Verwysing: ***Padberaad*** *plus* ***[Naam van die Gemeente],*** *bv "Padberaad NGK Nuwekerk"*

Stuur u inbetalingstrokie asb saam met u inskrywing, en onthou asb die verwysing